

HOOFSTUK IV

Ondersoeke in Suid-Afrika ten opsigte van fisieke verskille
tussen Blankes en nie-Blankes

In die vorige hoofstuk is enkele ondersoeke wat oor fisieke en fisieke prestasieverskille tussen Blankes en Negers in die V.S.A., handel, bespreek. In die bespreking van Hoofstuk II is aangetoon dat daar belangrike antropometriese verskille tussen Blankes en Negers bestaan. Die antropometriese gegewens dui daarop dat die Neger korter, maar swaarder en dus waarskynlik sterker, as die Blankes is. Die gegewens van Hoofstuk III dui daarop dat die Neger die Blanke in sekere fisieke prestasies oortref. Hierdie data gaan egter aan ernstige gebreke mank. Die Blanke oortref weer die Neger en Bantoe in psigometriese prestasies, soos in Hoofstuk II aangetoon is.

Vervolgens sal op die verskil in liggaamlike prestasievermoë tussen Blankes en Bantoes in Suid-Afrika gelet word. In hierdie verband is daar reeds heelwat navorsing gedoen.

Een van die eerste ondersoeke wat in die verband in Suid-Afrika uitgevoer is, is gedoen deur Cluver, Jokl en De Jongh (31). Hulle het die liggaamlike prestasies van Bantoe-, Sjinese-, Kleurling-, Blanke en Indiërkinders met mekaar vergelyk. Die kinders is volgens leeftyd, van die sesde tot die sewentiende lewensjaar getoets. Vir die meting van die liggaamlike prestasies maak hulle van die 100-tree-naelloop, 600 tree-hardloop en gewigstoot gebruik. Hoewel n groot aantal leerlinge van die verskillende volke getoets is, sal slegs die verskille tussen Blankes en Bantoes hier bespreek word. Die onderstaande Tabel B gee die prestasies van die leeftydsgroepe, Blankes en Bantoes afsonderlik, vir elkeen van die drie nommers: (Die tabelle is getrek volgens die gegewens wat uit die artikel van Cluver, Jokl en De Jongh verkry is.)

TABEL B : DIE PRESTASIES VAN BLANKE EN NIE-BLANKE SEUNS OOR DIE 100-TREE NAELLOOP (SEKONDES)

<u>Leeftyd</u>	<u>Nie-Blankes</u>		<u>Blankes</u>		<u>Verskil</u>
	R.G.	S.A.	R.G.	S.A.	
6 en 7	18.77	1.920	20.18	2.181	1.41
8	17.95	1.742	18.08	1.761	0.13
9	17.25	1.499	17.24	1.887	0.01+
10	16.15	1.020	16.23	1.273	0.08
11	15.88	1.379	16.01	1.302	0.13
12	15.62	1.109	15.39	1.213	0.22+
13	14.95	1.380	15.05	1.133	0.10
14	14.69	1.696	14.31	1.102	0.38+
15	14.07	1.603	13.95	1.122	0.12+
16	13.11	1.077	13.32	0.866	0.21
17+	12.90	1.184	12.97	0.787	0.07

+ Dui aan dat die Blankes die Bantoes oortref.

Die Bantoesseuns presteer op alle ouderdomme, behalwe nege-, twaalf-, veertien- en vyftienjaar beter as die Blanke seuns oor die 100-tree-hardloop.

Smith (151:231-233) het ook sestienjarige Blankes en nie-Blankes se prestasies oor die 100 tree vergelyk; sy bevindinge verskil van die bevindinge van Cluver en andere (31). Smith kry 'n gemiddelde van 13.56 ± 0.822 sekondes vir Bantoes oor die 100 tree teenoor die 13.11 ± 1.077 sekondes vir Bantoes wat deur Cluver en andere getoets is. Dit is 'n betekenisvolle verskil: die toetsprosedure, die toetsnommer en die aantal proefpersone kom ooreen.

Die gegewens van Smith ten opsigte van die Blankes verskil ook van die van Cluver en andere. Soos uit die bostaande tabel blyk, het laasgenoemde ondersoekers 'n R.G. van 13.32 ± 1.077 sekondes vir sestienjarige Blanke seuns oor die 100 tree gevind teenoor die gemiddeld van 12.61 ± 0.935 sekondes wat deur Smith

gevind is. Hierdie verskil is hoogs beduidend.

Smith bevind dat die Blanke seun op sestienjarige leeftyd hoogs beduidend beter as die Bantoeseun oor die 100 tree-naelloop presteer: die verskil is 0.95 sekondes in die guns van die Blankes teenoor die 0.21 sekondes in die guns van die Bantoesoos deur Cluver en andere vasgestel is.

Hier is daar n verskil in die bevindinge van twee ondersoeke oor dieselfde onderwerp. Dit was dus noodsaaklik dat hierdie probleem verder ondersoek moes word.

Joubert (85) het die saak verder ondersoek, maar sy ondersoek slegs tot sewentienjarige seuns beperk. Die afstand wat gehardloop is, was 60 tree in plaas van 100 tree. Hierdie twee nommers meet albei die snelheid van die bene en korreleer hoog met mekaar. Albei hierdie toetse word as snelheidstoetse erken. Joubert vind n R.G. van 7.873 ± 0.417 sekondes vir Blanke seuns en 8.208 ± 0.409 sekondes vir Bantoeseuns oor die 60 tree-naelloop. Dit is n verskil van 0.335 sekondes en is hoogs beduidend (85:114). Cluver en andere het op sewentienjarige leeftyd n verskil van 0.07 sekondes oor die 100 tree tussen Blankes en Bantoes in die guns van die laasgenoemde groep gevind. Die bevindinge van Joubert verskil dus ook met die bevindinge van Cluver en andere. Joubert het n groter aantal persone as Cluver en andere getoets. Sy bevindinge stem ooreen met die bevindinge van Smith oor hierdie onderwerp. Op grond van die gegewens van Cluver en andere en Smith en Joubert moet ons nou aanneem dat die Blanke seun op nege-, twaalf-, veertien-, vyftien-, sestien- en sewentienjarige leeftyd die Bantoe in naellope oor kort afstande klop.

Wat die prestasies van Blanke en Bantoemeisies betref, het ons slegs die gegewens van Cluver en andere tot ons beskikking. Hulle het vasgestel dat die Bantoemeisie die Blanke meisie van die sesde lewensjaar af tot en met die veertiende lewensjaar in prestasie oor die 100 tree-naelloop oortref. Op vyftien-,

sestien- en sewentienjarige leeftyd klop die Blanke meisie die nie-Blanke. Verdere ondersoeke in hierdie verband is nodig voordat by hierdie bevindinge van Cluver en andere berus word, omdat hulle uiteenlopende bevindinge omtrent die prestasies van sestien- en sewentienjarige seuns daarop nahou.

Vervolgens sal op die prestasies van die twee rasse oor die 600 tree-hardloop gelet word.

TABEL C : DIE LIGGAAMLIKE PRESTASIES VAN BLANKE EN BANTOESEUNS IN 600 TREE-HARDLOOP (Minute en sekondes)

<u>Leeftyd</u>	<u>Bantoes</u>		<u>Blankes</u>		<u>Verskil</u>
	<u>R.G.</u>	<u>S.A.</u>	<u>R.G.</u>	<u>S.A.</u>	
	<u>Min.Sek.</u>	<u>Sek.</u>	<u>Min.Sek.</u>	<u>Sek.</u>	
6 & 7	2 : 43.75	15.315	2 : 48.50	16.610	4.75 sek.
8	2 : 34.70	12.020	2 : 33.40	13.780	1.30 sek. +
9	2 : 27.75	12.945	2 : 27.55	14.340	0.20 sek. +
10	2 : 20.60	9.145	2 : 22.02	13.330	1.62 sek.
11	2 : 17.65	10.835	2 : 20.65	14.720	3.00 sek.
12	2 : 13.90	9.165	2 : 14.55	13.520	0.65 sek.
13	2 : 10.70	11.570	2 : 8.55	11.725	2.15 sek. +
14	2 : 8.05	11.530	2 : 3.35	11.610	4.70 sek. +
15	2 : 7.80	13.725	1 : 59.90	10.610	7.90 sek. +
16	1 : 58.30	9.710	1 : 56.35	8.940	1.95 sek. +
17	1 : 59.60	13.380	1 : 55.80	8.915	3.80 sek. +

+ Dui aan dat Blankes die Bantoes oortref.

Die 600 tree-hardloop is n toets vir die meting van uithou-vermoë. Volgens die gegewens in die voorgaande tabel oortref die Blankes die Bantoes in 6 van die 11 ouderdomsgroepe. Die grootste verskil, naamlik 7.90 sekondes, kom op vyftienjarige leeftyd ten gunste van die Blankes voor. Op 6 en 7 jaar en weer op nege-, tien-, elf- en twaalfjarige leeftyd oortref die

Bantoe die Blanke seun in prestasie oor die 600 tree-hardloop met die grootste verskil (4.75 sekondes) op ses- en sewejarige leeftyd. Van die dertiende lewensjaar af presteer die Blankes deurgaans beter as die Bantoes in hierdie nommer.

Smith (151) het 'n betekenisvolle verskil tussen Blanke en Bantoesseuns van sestienjarige leeftyd oor die halfmyl-hardloop gevind. Die Rekenkundige Gemiddelde van die eersgenoemde groep was 2.78 minute teenoor die 3.05 minute van die Bantoes. Die verskil was 0.26 minute of 16.2 sekondes. Op sestienjarige leeftyd het Cluver en andere 'n verskil van slegs 1.95 sekondes tussen die twee rasse oor 600 tree gevind.

Joubert (85:131-134) het die 220 tree as toets vir die meting van uithouvermoë gebruik om sewentienjarige Bantoe- en Blanke skoolseuns te vergelyk. Vir die eersgenoemde groep het hy 'n gemiddelde van 30.348 ± 2.304 sekondes en vir die laasgenoemde groep 'n gemiddelde van 28.726 ± 1.812 sekondes gevind. Die prestasieverskil tussen die twee groepe was 1.622 sekondes wat hoogs beduidend is.

Wat die uithouvermoë van die seuns van die twee rasse betref, skyn dit asof die Blanke die Bantoe na die aanvang van die puberteit oortref, dog die Bantoe klop die Blanke in die voor-puberteitsjare. Die ondersoek van Cluver en andere bied die enigste vergelykende data betreffende die uithouvermoë van Blanke en Bantoe-meisies. Volgens hulle gegewens oortref die Bantoe-dogter die Blanke dogter op alle ouderdomme van die sesde tot die sewentiende lewensjaar.

In die bespreking van die antropometriese verskille tussen Blankes en Negerse en die moontlike voordeel van die verskille vir die rasse (p. 64) is aangetoon dat, alhoewel die Neger oor 'n groter borsindeks as die Blanke beskik, sy longkapasiteit heelwat minder is. Dit mag die rede vir die swakker prestasie van die Bantoesseuns in die 600 tree-hardloop wees.

Tot dusver is die prestasies van die twee groepe ten opsigte van hardloopnommers bespreek. Volgens die gegewens wat in die vorige hoofstuk bespreek is, behoort die Bantoe die Blanke in die hardloopnommers te oortref. Dit is nie deur die ondersoek aangetoon nie. Daar is wel aangetoon dat die Blanke seun na die puberteitsjare oor 'n groter uithouvermoë as die Bantoe beskik. In die vorige hoofstuk is ook aangetoon dat die Neger 'n langer arm as die Blanke het. Hy is daarby swaarder en sterker en sy onderarm is ook langer. Ooreenkomstig hierdie antropometriese verskille behoort die Bantoe die Blanke in werpnommers, soos byvoorbeeld gewigstoot, te oortref. Hierdie moontlikheid is deeglik in Suid-Afrika ondersoek. Die volgende tabel gee 'n oorsig van die gegewens van Cluver en andere (31) waarmee die bevindinge van ander ondersoekers vergelyk sal word:

TABEL D : DIE LIGGAAMLIKE PRESTASIES VAN BLANKE EN BANTOESEUNS IN GEWIGSTOOT (12 lb.: afstand in voete en duime).

<u>Leeftyd</u>	<u>Bantoes</u>		<u>Blankes</u>		<u>Verskil</u>
	<u>R.G.</u>	<u>S.A.</u>	<u>R.G.</u>	<u>S.A.</u>	
	<u>vt. dm.</u>	<u>dm.</u>	<u>vt. dm.</u>	<u>dm.</u>	
6 en 7	4 : 4.28	14.33	5 : 3.60	14.928	10,32
8	5 : 5.52	16.872	6 : 6.72	18.732	1 : 1,20
9	6 : 0.18	17.05	7 : 10.20	18.396	1 : 10,02
10	7 : 4.80	17.532	9 : 3.48	22.572	1 : 10,68
11	8 : 4.50	21.558	10 : 3.54	23.598	1 : 11,04
12	9 : 10.86	25.602	12 : 1.98	24.372	2 : 3,12
13	11 : 2.46	27.30	14 : 1.44	31.764	2 : 3,12
14	11 : 9.66	33.474	17 : 2.88	38.548	5 : 5,22
15	14 : 3.96	37.296	19 : 2.49	43.716	4 : 10,53
16	17 : 3.84	37.15	21 : 10.80	41.864	3 : 6,96
17 +	20 : 4.26	38.748	24 : 2.94	40.260	3 : 10,68

Uit die bostaande tabel blyk dit dat die Blanke die Bantoe-seun in elke ouderdom in die gewigstoot klop. Die grootste verskil (5' 5.22") tussen die twee rasse kom in die veertiende lewensjaar voor. Die seuns het met n 12 lb.-gewig gestoot.

Smith (151) gebruik n 14 lb.-gewig vir sestienjarige seuns en bevind dat die Blanke die gewig gemiddeld 23.77 ± 4.20 voet ver kon stoot teenoor die 16.46 ± 2.84 voet van die nie-Blanke. Hierdie verskil is hoogs beduidend, naamlik 7.31 voet. Op sestienjarige leeftyd het Cluver en andere n verskil van 3' 6.96" tussen die twee rasse se gewigstootprestasie met n 12 lb.-gewig gevind.

Joubert het nie die gewigstoot by sy toetsbattery ingesluit nie. Smith en Cluver en andere stem ooreen dat die Blanke die Bantoe in gewigstoot ver en maklik oortref.

Die gegewens van Cluver en ander vir die dogters dui daarop dat die Bantoe dogter die Blanke dogter op alle ouderdomme van ses-tot sewentien-jaar, behalwe op tien- en elfjaar, in gewigstoot oortref. Dit is heeltemaal anders as in die geval van die seuns.

Oor die geheel dui die bevindinge van Cluver en ander daarop dat die Bantoe dogter die Blanke dogter liggaamlik in alle opsigte oortref. Tot dusver is daar nog geen ander ondersoek in hierdie verband gepubliseer nie en is ons genoodsaak om die gegewens van Cluver en ander te aanvaar.

Wat die seuns betref, is heelwat meer navorsing gedoen.

Smith (151) het bevind dat die Blanke die Bantoe in Suid-Afrika in krieketbalgooi vir afstand hoogs beduidend oortref. Die gemiddelde afstand vir sestienjarige Blanke seuns was 186.04 ± 31.62 voet teenoor die 167.29 ± 27.57 voet van die Bantoe-seun. Dit is n verskil van 18.75 voet. Joubert (85) het n verskil van 13.9 voet tussen sewentienjarige Blanke en Bantoe-seuns gevind. Die Blanke gemiddelde was 188 ± 31.57 voet teenoor die 174.1 ± 28.10 voet van die Bantoes. Dit is n

hoogs beduidende verskil ten gunste van die Blanke. Hierdie gegewens bevestig die gegewens van Smith.

Die gegewens van Smith (151) ten opsigte van verspring met aanloop dui ook op 'n meerderwaardige ontwikkeling van die Blanke seun teenoor die Bantoeseun op sestienjarige ouderdom. Die Blankes kon gemiddeld 15.15 ± 1.62 voet ver spring teenoor die 12.86 ± 1.68 voet van die Bantoes. Die verskil van 2.29 voet is hoogs beduidend. Dit stem ooreen met die bevindinge van Joubert (85:118) ten opsigte van die verspring uit die stand. Hy het 'n gemiddeld van 92.725 ± 6.995 duim vir Blankes en 80.722 ± 6.861 duim vir nie-Blanke sewentienjarige seuns gevind. Die verskil van 12.005 duim is hoogs beduidend.

Smith (151) het verder vasgestel dat daar 'n hoogs beduidende verskil van 0.44 voet in die hoogspringprestasie van sestienjarige Blanke en Bantoeseuns is. Die Blankes oortref die Bantoes.

(Optrekke aan die rekstang is een van die eenvoudigste en bruikbaarste kragtoetse wat nog ontwerp is. Joubert (85:126) het 'n gemiddelde van 6.0964 ± 2.879 optrekke by sewentienjarige Blanke seuns waargeneem teenoor die 4.949 ± 2.759 optrekke by sewentienjarige Bantoeseuns. Die verskil van 1.1474 optrekke tussen die twee rasse is hoogs beduidend wat daarop dui dat die Blanke tog sterker as die Bantoe is. Dit word ook deur die reeds bespreekte gewigstootprestasies van die twee rasse bewys. Ongelukkig het Joubert en ook nie Cluver en ander nie, die lengte en gewigte van die proefgroepe ingesluit nie. Cluver en ander wys wel daarop dat die Blanke seuns ietwat swaarder as die Bantoeseuns is; hulle skryf trouens die beter gewigstootprestasie van die eersgenoemde groep aan hulle gewigsvoordeel toe. Geen gemiddelde, wat liggaamsgewig betref, word egter deur Cluver en ander verstrek nie.

Joubert (85) het verder die prestasies van die twee rasse-groepe se seuns in sokkerbalskop vir noukeurigheid, sokkerbal-

gooi vir noukeurigheid en krieketbalgooi vir noukeurigheid met mekaar vergelyk. In al drie hierdie toetse het hy 'n onbeduidende verskil tussen die twee rasse aangetref.

Die ondersoek van Smith (151) en Joubert (85) was slegs tot seuns van 'n spesifieke ouderdom beperk, terwyl die ondersoek van Cluver en ander (31) elf leeftydsgroepe, sowel seuns as dogters, ingesluit het.

Die bevindinge van Cluver en ander (31) dui aan dat die twee rassegroepe se prestasies op verskillende leeftye verskil. Hulle bevindinge ten opsigte van die meerderwaardigheid van die Bantoesen oor die Blanke seun op sestien- en sewentienjarige ouderdom kan, op grond van die ondersoek van Smith en Joubert, nie aanvaar word nie; dit beteken egter nie dat hiermee saam die gegewens ten opsigte van die ander leeftye ook verwerp word nie: die hele aangeleentheid van rasseverskille by die skoolgaande bevolking van Suid-Afrika behoort weer eens op 'n omvangryke skaal ondersoek te word. Dan eers sal moontlik 'n uitspraak in dié verband gelewer kan word.

Smit! (150) het 'n baie belangrike bydrae in die bogenelde verband gelewer toe hy Bantoe- en Blanke kinders in 'n stedelike gebied ten opsigte van hulle prestasies in die Kraus-Weber-toets (95) vergelyk het. Hy het in hierdie ondersoek ook die kinders uit 'n lae inkomstegroep met die kinders uit 'n hoë inkomstegroep vergelyk. Hy het verder ook die prestasies van die Suid-Afrikaanse kinders met dié van ander kinders in oorsese lande vergelyk.

Die bevindinge van Smit. (150) ten opsigte van die verskil tussen Blankes en Bantoes is belangrik, aangesien dit lig werp op die probleem van fisieke meerderwaardigheid van die een ras teenoor die ander een. Daar is in die geheel 14 ouderdomsgroepe by hierdie ondersoek betrek.

Die Kraus-Weber-toets bestaan uit ses toetsnommers wat bedoel is om die minimale fiksheidspeil van die proefpersoon vas

te stel. As hy byvoorbeeld nie in al die toetsnommers kan slaag nie, voldoen hy nie aan 'n minimale fiksheid nie. Twee van die toetsnommers toets die krag van die maagspiere, een toets die buigspiere van die heupe, twee toetsnommers toets die boonste en onderste deel van die rug en een nommer toets lenigheid. Vir 'n nadere bespreking van die toets en die puntetoekenning verwys ek na die boek van Mathews (107:77-87).

Die gegewens wat Smit versamel het, word in tabelvorm en grafieke in die Tydskrif vir Maatskaplike Navorsing (150:4-20) aangegee.

Smit (150) bevind dat die Blanke die Bantoe in alle ouderdomme in die totaal van die toets oortref. In die totaal het slegs 24.65% van die Blankes in een of meer van die toetsitems misluk teenoor die 46.27% van die Bantoes. Die proefpersone bestaan uit kinders van albei geslagte en albei rasse tussen die vyfde tot die agtiende lewensjaar.

Die Blanke kinders is nie so soepel en lenig as die Bantoe-kinders nie. Volgens die bevindinge van Smit het 37.46% van die Blankes teenoor slegs 8.26% van die Bantoes 'n mislukking in die lenigheidstoets getoon. Wat die krag van die getoetste spiere betref, is die Bantoes veel swakker as die Blankes. In die toetse vir die spierkrag van sekere spiere kon 20.37% Blankes en 59.88% Bantoes nie in die toetse slaag nie.

Uit hierdie ondersoek het dit verder geblyk dat die maagspiere van die Bantoe-kinders veel swakker as die van die Blanke kinders is. Slegs 16.26% van die Blanke seuns en 33.14% Blanke dogters het in die toetsnommer vir die minimum krag van die abdominale psoas-spiere misluk teenoor 43.43% van die Bantoesseuns en 62.18% van die Bantoe dogters. Die gemiddelde persentasie mislukkings by die Blankes (albei geslagte) was 22.95% teenoor die 53.43% by die Bantoes. In die toets vir die krag van die abdominale spiere alleen het 22.53% van die Blankes en 56.05% van die Bantoes 'n mislukking getoon.

Smit verstrek nie redes vir die groter krag van die Blankes teenoor die Bantoes nie. Wat die krag van die maagspiere betref, beweer hy: „This phenomenon is probably due to the nutritional status of Bantu children, whose basic diet consists of mealie meal porridge eaten in large quantities with the resulting distended 'patato stomachs' in the Young." (150:9).

Die groter lenigheid van die Bantoe word aan sy daaglikse bewegings toegeskryf. Volgens Smit stap die kinders ver skool toe, tuis sit hulle op die grond en verder maak hulle nie soveel van moderne geriewe en vervoermiddels as die Blanke gebruik nie. Die Blanke se leefwyse is baie minder aktief as die van die Bantoe.

n Verdere rede waarom die Bantoes ook die Blankes ten opsigte van lenigheid oortref, lê heelwaarskynlik in die antropometriese verskille tussen die rasse. Die Bantoe, as n lid van die Negroïde ras, het in verhouding tot sy totale liggaamslengte langer arms as die Blanke. In die spesifieke toets vir lenigheid sal lang arms n voordeel wees.

Indien die leefwyse van die Blankes meer onaktief as die van die Bantoes is, beteken dit dat die prestasies van die Blankes aansienlik behoort te styg, indien hulle net so n aktiewe lewe as die Bantoes sou voer - die graad en mate van aktiwiteit bepaal tog die kragontwikkeling van die spiere. Die Blanke leef egter op n hoër sosio-ekonomiese vlak as die Bantoe; hy geniet dus beter voeding, sodat die beter voeding wel n oorsaak vir die meerderwaardigheid van die Blanke kon wees. Die aktiwiteit van die Bantoe sou egter weer vir sy agterstand kon kompenseer; hierdie stellings is nie in n ondersoek bewys nie; dog die afleidings is logies en berus op wetenskaplike feite. Dat aktiwiteit die prestasie verhoog, is reeds n erkende wetenskaplike feit (128). Elders in hierdie werkstuk (119:66-74) is aangetoon dat ondervoeding die krag van die ondervoede persoon verlaag. Die probleem lê hierin dat nie bewys is dat

aktiwiteit vir die wanvoeding kan vergoed nie of ook dat oorvoeding vir onaktiwiteit kan kompenseer nie.

Die oorsaak vir die prestasieverskil tussen die twee rasse kan dus nie alleen aan die voeding of aktiwiteit gewyt word nie; dit mag bes moontlik in die program van Liggaamlike Opvoeding wat by die onderskeie skole aangebied word, geleë wees. Indien dit nie die geval is nie, sal hierdie verskil as 'n inherente rasseverskil aanvaar moet word.

Smit (150) se gegewens betreffende die prestasies van Blankes en Bantoes in die Kraus-Weber-toets onderskryf die bevindinge van Smith (151) en Joubert (85) dat die Blanke die Bantoe in liggaamlike prestasievermoë oortref. Dit skyn asof die beskikbare gegewens tot dusver versamel die volgende stelling van Cluver en ander (31:46) weerspreek: „Samevattend wil ons graag insonderheid op een feit wys waarvan die implikasies vir Suid-Afrika van die allergrootste ekonomiese en maatskaplike betekenis is, naamlik dat die liggaamlike prestasievermoë van ons Bantoe-bevolking nie alleen gelykstaan aan dié van die Blanke bevolking nie, maar dat, ten spyte van die algemeen bekende tekortkominge ten opsigte van sy omgewing, ten spyte van sy slegte voedsel, ten spyte van gebrekkigheid aan sy gesondheidsdienste en sy opvoeding, die Bantoe se liggaamsvermoë dié van die Blankes oortref. Die naturelleman en die naturellevrou se fundamentele arbeidsvermoë is hoër as die van al die ander rasse wat tot dusver in Suid-Afrika bestudeer is.”

Uit die aangehaalde gedeelte blyk dit ook dat Cluver en ander hulle bevindings ten opsigte van verskil in prestasies by kinders, net so, sonder die nodige bewysmateriaal, ook op volwassenes van toepassing maak. Die bevindinge van Cluver en ander soos aangedui in Tabelle A - D toon juis aan dat namate die kinders puberteit nader, die meerderwaardigheid van die Bantoe oor die Blanke afneem. Wat die seuns betref, oortref die Blankes die Bantoes op die hoër ouderdomme in die

600 tree-hardloop en die gewigstoot, terwyl die verskil tot voordeel van die Bantoe in die 100-tree-naelloop ook gering is in vergelyking met die verskil op ses- en sewejarige leeftyd.

Die bespreekte gegewens dui op 'n besliste meerderwaardigheid van die Blanke kinders in vergelyking met die Bantoe kinders in die verskillende fisieke toetse.

Daar is reeds herhaaldelik verwys na die lae fisieke geskiktheidspeil van die Amerikaanse jeug. Dit sou interessant wees om te sien hoe die Suid-Afrikaanse jeug met die jeug van ander lande vergelyk. Vir so 'n vergelyking kan slegs van die gegewens van ooreenstemmende toetse gebruik gemaak word.

Die gegewens van Smith (151) voorsien vergelykende data in hierdie verband. Hy het naamlik Suid-Afrikaanse Blanke seuns met Duitse en Amerikaanse jongelinge vergelyk (151:228-231).

Die 100 tree-naelloop, verspring en hoogspring is die enigste toetsnommers wat op Duitse, Amerikaanse en Suid-Afrikaanse jongelinge toegepas is. Die gemiddeldes vir die 100 tree is die volgende:

18- en 19-jarige Duitse seuns : 12.4 sekondes

17-jarige en ouer Amerikaanse seuns : 12.1 sekondes

17-jarige en ouer Suid-Afrikaanse seuns : 12.2 sekondes.

Die gegewens van die Amerikaanse jongelinge is deur middel van die prestasies van studente in Liggaamlike Opvoeding gevind (36). 'n Ondersoek van die skrywer (128) het aangetoon dat studente in Liggaamlike Opvoeding heelwat beter in die 100 tree-naelloop presteer as die deursnee student of selfs studente-sportman. Die eersgenoemde groep het in 'n toets wat gedurende Augustus-September afgeneem is, 'n gemiddeld van 11.2 sekondes oor 100 tree-naelloop behaal. In dieselfde toets was die gemiddelde prestasie van die nie-sportdeelnemers 12.1 sekondes. Die gemiddelde leeftyd van die twee groepe was 20 jaar en 2.6 maande. Hierdie groep was dus ouer as die groepe van Smith

en Cozens en hulle beter prestasie kan waarskynlik aan hulle leeftyd toegeskryf word. Dit toon aan dat Liggaamlike Opvoeding studente beter as die gemiddelde student presteer. Dit kan ook 'n belangrike faktor vir die beter prestasies van die Amerikaanse jongelinge wees. Hierdie ondersoek onderskryf die uitspraak van Smith (151) dat leeftyd, na die sewentiende lewensjaar, beslis 'n rol in die prestasievermoë van die mens speel.

Die Suid-Afrikaanse Blankes oortref die Duitsers in die 100 tree-hardloop.

In die verspring met aanloop oortref die agtien- en negentienjarige Suid-Afrikaanse Blanke seun die Duitse seun van dieselfde leeftyd met ses duim. Op sewentienjarige leeftyd is daar ook 'n verskil van ses duim tussen die Suid-Afrikaners en die Amerikaners ten gunste van die eersgenoemde.

Wat die standverspring betref, kan die gegewens van Joubert (85) Cozens (36 en 39) en Putter (128) vergelyk word. Die sewentienjarige Suid-Afrikaanse Blanke en Bantoeseuns kan met sewentienjarige Amerikaanse seuns vergelyk word. Die weglating van lengte en gewig deur Joubert en die belangrike rol wat die twee mate by Cozens se gemiddeldes speel, bemocilik die vergelyking. Ter wille van vergelykings sal al die groepe van Cozens waar nodig, gebruik word. Cozens en ander (39) deel hulle kinders volgens leeftyd, lengte en gewig in. Hulle kry dan ses groepe waarvan groep A die beste fisieke ontwikkeling, met inagneming van die genoemde faktore, toon; groep B is die tweede beste, ens.

In die standverspring het die A groep van Cozens en ander gemiddeld 91.5 duim ver gespring teenoor die 84.5 duim van die B groep. Die C groep het 'n gemiddelde van 80.5 duim gehad. Joubert vind 'n gemiddelde van 92.722 duim by sewentienjarige Blanke Suid-Afrikaanse seuns en 80.722 duim by sewentienjarige Bantoeseuns. Die Suid-Afrikaanse Blanke seuns presteer dus heelwat beter as die Amerikaanse seuns, selfs beter as hulle

beste groep. Die Bantoes presteer so goed as die C groep van die Amerikaners. Volgens die indeling van Cozens en ander is dit wel moontlik dat 'n sewentienjarige seun binne die C groep kan val.

Die gegewens van Cozens (36) en Putter (128) kan maklik vergelyk word. Albei die ondersoek is op studente toegepas. Die gegewens van Cozens is die van studente wat Liggaamlike Opvoeding neem, terwyl die gegewens van Putter die gemiddeldes van die deursnee student sowel as die gemiddeldes van Liggaamlike Opvoedingstudente verstrek. Volgens die indeling van Cozens sal die studente in die ondersoek van Putter, ooreenkomstig hulle lengte en gewig, onder die medium-swaar groep van Cozens ressorteer. Die gemiddelde standverspringprestasie van die Amerikaanse studente in die groep was 90.5 duim teenoor die gemiddeld van 96.3 duim wat Putter op 'n groot aantal studente gevind het. Die gemiddelde van die Amerikaanse student (36) is 89.4 duim. Die Suid-Afrikaanse studente presteer dus heelwat beter as die Amerikaanse studente. Indien die prestasies van die Liggaamlike Opvoedingstudente in die ondersoek (128) met die van die Amerikaners vergelyk word, dan is daar 'n baie groot verskil ten gunste van die Suid-Afrikaners, naamlik 98 duim teenoor 90.5 duim.

Suid-Afrikaanse Blankes en Bantoes en Amerikaners kan ook in optrekke aan die rekstang met mekaar vergelyk word. Joubert (85) het reeds aangetoon dat die Blanke Suid-Afrikaner die Bantoe in hierdie nommer hoogs beduidend oortref. Indien dieselfde prosedure as vir die standverspring gevolg word, kan die gegewens van Joubert en Cozens en ander (39) vergelyk word. Joubert bevind dat die Suid-Afrikaanse Blankes hulle gemiddeld 6.1 keer kan optrek teenoor die 4.949 keer van die Bantoes. Volgens die indeling van Cozens kon die A groep hulleself gemiddeld 9.6 keer optrek, die B groep se gemiddeld is 8.668 en die C groep se gemiddeld is 7.668. Die Blanke Suid-Afrikaanse

jongeling van sewentienjarige leeftyd kan met die D groep van die Amerikaanse jongelinge, volgens die indeling van Cozens en ander, vergelyk word. Volgens die metode van indeling wat deur Cozens en ander (39:12) gevolg is, is dit nie onmoontlik nie, maar baie onwaarskynlik dat 'n sewentienjarige seun binne die D. groep sal val. Die Suid-Afrikaanse seun is in dié opsig dus heelwat swakker as die Amerikaanse seun. Die Suid-Afrikaanse Bantoeseun kan met die E groep van die Amerikaners vergelyk word. Hierdie bevindinge dui 'n waarskynlike swakheid in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Blankes en Bantoes op sewentienjarige leeftyd aan.

'n Vergelyking van die bevindings van Putter (128) en Cozens (36) dui daarop dat die Suid-Afrikaanse Blanke student beter presteer as die Amerikaanse student. Dieselfde prosedure soos vir die standverspring word gevolg. Hiervolgens is die gemiddelde van die medium-swaargroep van Cozens se ondersoek 8.5 optrekke. In 'n ander ondersoek het Cozens (38) 'n gemiddeld van 9.8 optrekke gevind. Die Liggaamlike Opvoedingstudente kon hulle in die ondersoek van Putter (128) in Augustus-September gemiddeld 13.9 keer aan die rekstang optrek. Die gemiddelde vir sportdeelnemers en nie-sportdeelnemers was 9.7 en 8.7 respektiewelik. Die totale gemiddeld in hierdie toets is dus 10.8 optrekke. Uit die ondersoek het dit geblyk dat die gemiddelde van die deursnee-student tussen 8.6 en 9.7 optrekke wissel. Smith (151) het ook 'n gemiddeld van 8.18 optrekke by negentienjarige Blanke seuns in Suid-Afrika gevind.

Dit blyk dat die Suid-Afrikaanse Blanke en Bantoeskoolseuns swakker as die Amerikaanse skoolseuns gepresteer het; die Suid-Afrikaanse Blanke student presteer weer beter as die Amerikaanse student.

Navorsing in verband met die prestasie van verskeie volke in die gewigstoot, verstrek vergelykbare gegewens. Cluver en ander (31) het aangetoon dat die Suid-Afrikaanse Blanke seun

van sewentienjarige leeftyd die Bantoeseun van dieselfde ouderdom met 3' 10.68 " in gewigstoot met n 12 lb.-gewig oortref. Smith (151:231) het bevind dat die 18-19-jarige Blanke Suid-Afrikaanse seun die Duitse seuns met 2' 11" in gewigstoot met n 16 lb.-gewig oortref. Die gegewens van die Bantoes en die Duitsers kan ongelukkig nie vergelyk word nie, aangesien die Bantoes met n ligter gewig gestoot het en die leeftye ook verskil.

Die skale van Cozens en ander (39) bied, soos in die geval van die standverspring, n moontlikheid tot vergelyking. Die weglating van lengte en gewig deur sowel Smith (38) as deur Cluver en ander (31) is ernstige leemtes wat die vergelyking se waarde aansienlik verlaag; die vergelyking is dus nie wetenskaplik aanvaarbaar nie, dog interessantheidshalwe sal dit hier tog genoem word.

Die sewentienjarige Blanke seun in Suid-Afrika kon die 12 lb.-gewig gemiddeld 24' 2.94" ver stoot (31). Die A groep van Cozens en ander (39) stoot die gewig gemiddeld 28' 6" ver, die B groep se gemiddelde is 26' 5" en die C groep se gemiddeld is 24' 5". Die sewentienjarige Blanke Suid-Afrikaanse seun kan dus wel met die Amerikaanse seun in die C groep kompeteer; dog die Bantoe val ver uit. Die laasgenoemde groep se gemiddelde afstand is slegs 20' 4.26".

In die ondersoek van Smith (151) het die proefpersone met n 14 lb.-gewig gestoot, sodat die gegewens nie met die van Cozens en ander ((39) vergelyk kan word nie.

Die gegewens van Smith (151) Cozens (36) en Cozens en ander (39) ten opsigte van hoogspring is vergelykbaar. Smith (151) het aangetoon dat die sewentienjarige Blanke Suid-Afrikaner deur die Amerikaanse seun van dieselfde leeftyd in hoogspring geklop word (4' 6" ; 4' 8"). Die agtien- tot negentienjarige Duitse en Afrikaanse jongelinge spring egter ewe hoog. Die Blanke Suid-Afrikaner klop die Bantoe van dieselfde leeftyd in hierdie nommer.


Die A groep in die skale van Cozens en ander (39) het 'n gemiddelde springhoogte van 4' 6" behaal en so ook die Suid-Afrikaanse Blankes.

Oor die algemeen blyk dit dat die Suid-Afrikaanse Bantoe in al die vergelykbare nommers swakker as die Blankes van die ander lande en Suid-Afrika gepresteer het. In sommige van die toetse oortref die Suid-Afrikaanse Blankes die Amerikaners en die Duitsers, maar in ander nommers word hulle veral deur die Amerikaners oorskadu.

Die jongste ondersoek wat vergelykbare gegewens tussen Suid-Afrikaners van albei rasse en ander lande moontlik maak, is die reeds genoemde ondersoek van Smit (150). Die Kraus-Weber-toets bied 'n geskikte basis van vergelyking. Die prosedure vir die afneem van die toets is gestandaardiseer en die toets is reeds in baie lande van die wêreld toegepas, soos Switserland, Oostenryk, Italië, Suid-Afrika, Amerika en Pakistan.

Die onderstaande grafiek verstrek 'n duidelike beeld van die minimum liggaamlike fiksheid van die onderskeie volkere. In hierdie grafiek word die Europese kinders as een groep aange-ton (91). Die grafiek toon slegs die persentasie mislukkings in een of meer van die ses toetsitems aan, met ander woorde hoe hoër die lyne van die grafiek lê, hoe swakker het die betrokke volk gepresteer.

Die onderstaande grafiek bied met 'n oogopslag 'n beeld van die liggaamlike fiksheidsspeil van die verskillende volke. Die Europese kinders is, volgens hierdie grafiek, liggaamlik fikser of beter ontwikkel as al die ander volke se kinders en hulle word slegs op dertien-, veertien- en vyftienjarige leeftyd deur Blanke Suid-Afrikaners geklop.



Persentasie kinders wat in een of meer nommers van die Kraus-Weber-toets misluk het. (Nageteken uit Smit (150) en Kelliher (91)).

Die Suid-Afrikaanse Blanke kinders is op alle leeftye, behalwe die reeds genoemde uitsonderings, fisies swakker ontwikkel as die Europese kinders, maar wel beter ontwikkel as die kinders van ander volke in hierdie ondersoek. (Die Suid-Afrikaanse Bantoe kinders is op sesjarige leeftyd veel swakker as enige ander volk; dog op sewejarige leeftyd is hulle beter ontwikkel as die Amerikaanse en Pakistanse kinders; hierdie voorsprong handhaaf hulle deurgaans ten opsigte van die Amerikaanse kinders; dog op nege- en tienjarige leeftyd is die persentasie mislukkinge by hulle weer meer as by die Pakistanse kinders. Op elfjarige leeftyd is die persentasie mislukkinge by die Bantoes weer ietwat minder as by die Pakistanse kinders; dog daarna is die mislukkinge by die Bantoes tot op vyftienjarige leeftyd meer as by die Pakistanse kinders.

Die Amerikaanse kinders is slegs op ses-, sewe- en agtjarige leeftyd in die minimum fiksheidstoets beter as die Pakistanse kinders. Daarna word die verskil in hulle fiksheidspeil steeds groter tot nadeel van die Amerikaners.

Indien die vyf bevolkingsgroepe dus ooreenkomstig hulle prestasies in die minimum fiksheidstoets van Kraus-Weber geklassifiseer moes word, is die Europese kinders eerste, Blanke Suid-Afrikaners tweede, Pakistanse kinders derde, dan die Suid-Afrikaanse Bantoekinders en laaste die Amerikaanse kinders.

n Bespreking van die gegewens betreffende die liggaamlike prestasievermoë van Suid-Afrikaanse Blanke en Bantoekinders het aangetoon dat die Blankes die Bantoes klop. Ondersoeke wat in die V.S.A. op die Blankes en die Negers aldaar toegepas is (82 en 18), het aangetoon dat die Negers die Blankes oortref.

Die ondersoeke wat tot dusver bespreek is, was hoofsaaklik op kinders tot n sekere leeftyd toegepas. Vervolgens is dit nodig dat ondersoeke in hierdie verband op volwassenes bespreek word.

Ondersoeke in die Dunlop-fabriek (69:1394), Durban, het aangetoon dat die goeie Bantoeman omtrent een en n halwe keer so lank as die gemiddelde Blanke neem om roetine-arbeid aan te leer. Die normale werksproduksie van die Bantoe is ongeveer 85% van die van die Blanke.

Lee (69:1394) het in 1951 in n ondersoek in Frans Ekwatoriaal-Afrika aangetoon dat die Naturel in daardie gebiede slegs 25% soveel arbeid as die Blanke kan verrig. Bevindinge van die Dalgeisch-verslag van 1948 (69:1394) het aangetoon dat drie Naturelle in die kopermyne van Noord-Rhodesië nodig is om dieselfde werk as een Blanke te verrig. Die Naturel kan ook nie so maklik van die een tipe werk na die ander verskuif word nie, omdat hy nie n groot aanpasbaarheid besit nie; hy het ook minder meganiese aanleg as die Blanke en is onverantwoordelik - aldus die verslag van die komitee op n later stadium.

Davidson (69:1394) het bevind dat die Naturel in die Belgiese Kongo (1955) ongeveer die helfte soveel as n Blanke kan werk; indien die Naturel besonder vaardig is, kan hy 70% van die arbeidskapasiteit van die Blanke ewenaar. Die bevindinge van die voorgaande ondersoekers word deur die ondersoek van Bower, Northcott en Masefield (69:1395) gestaaf. Hailey (69:1394) wys egter daarop dat die Naturelle meestal swak gevoed is en gevolglik nie soveel energie as die goedgevoede Blankes het nie. Banks (69:1395) het aangetoon dat die Naturel voldoende voedsel het, indien hy sy natuurlike passiewe lewe voer; dog sodra hulle veeleisende arbeid begin verrig, neem hulle gewig af. Hulle het n eentonige diëet en die „East Africa Royal Commission" van 1953 - 1955 (69:1395) het bevind dat n eentonige diëet die produktiwiteit van die werker verlaag.

n Ander faktor wat die produktiwiteit van die nie-Blanke beïnvloed, is toesig oor sy werk. Deeglike toesig laat die produksie van die arbeiders styg, veral wanneer hulle as n groep kan saamwerk (69:1395).

Hailey (69:1395) voer verder aan dat die lone van die Naturelle so laag is, dat dit hulle nie tot hoë produktiwiteit aanmoedig nie.

Skrywer kan nie nalaat om op n sekere tendens in al die ondersoekes in verband met die prestasieverskille tussen Blankes en nie-Blankes te wys nie. Indien die Blanke die Bantoe of die Neger in sekere toetse klop, word die prestasie aan die beter leefwyse en voeding van die Blankes toegeskryf: - in die V.S.A. met sy hoë lewensstandaard is die fisiese fiksheidspeil van die Blankes selfs benede die van die fiksheidspeil van die Bantoes in Suid-Afrika met hulle lae lewensstandaard. In die spesifieke geval waar die Duitsers of Europeërs byvoorbeeld die Amerikaners klop, word gevra waarom die Europeër sterker of fikser as die Amerikaner is? Indien die Blanke egter die Bantoe klop, word die swak sosio-ekonomiese peil van die Bantoe

onmiddellik as verskoning vir sy swak prestasie aangebied. Wanneer dieselfde Blanke Suid-Afrikaners die Amerikaners klop, dan word aanvaar dat hulle fikser as die Amerikaners is.

Dit skyn asof die Blanke voortdurend besig is om verskonings vir die swak gedrag of swak prestasies van die nie-Blankes te soek. Hierdeur word die selfrespek van die nie-Blanke ondermyn en begin hy glo dat dit nie sy skuld is dat hy swakker presteer nie, maar dat dit wel die omgewing - in hierdie geval, die witman - se skuld is. Sy onverantwoordelikheid is nie sy eie skuld nie, maar die witman s'n.

n Feit wat nie weggeredeneer kan word nie, is dat die Blanke in Suid-Afrika op skool beter as die Bantoe in fisieke toetse gepresteer het. Die Bantoe besit n laer intelligensie en n hoër misdadsyfer as die Blanke. Wat dit in die toekoms sal wees, kan niemand voorspel nie. Wat dit op die oomblik is, word bepaal. Dit is daarom nodig dat ons ons deur die empiriese gegewens sal laat lei en nie deur veronderstellings en verskonings nie.

Daar is tot dusver nog geen ondersoek gedoen om die fiksheidstandaard van Blankes en Bantoes in Suid-Afrika te vergelyk nie.

Van der Merwe (178:147) het bevind dat die Blanke mans in Suid-Afrika n gemiddelde maksimale suurstofopname van 3.47 liter/minuut getoon het teenoor die 3.18 liter suurstof/minuut van die Bantoes. Die verskil word uitgewis wanneer die O_2 -kapasiteite in terme van kilogram liggaamsgewig uitgedruk word. „By die Blanke is n gemiddelde van 48.31 ml/Kg/minuut teenoor die 47.4 ml/Kg/minuut van die Bantoe gevind. Die Blanke is dus wat die maksimale suurstofopname betref, nie swakker toegerus as die Bantoe om inspannende spierarbeid te verrig nie.“ (p.148).

Van der Merwe het bevind dat die twee rasse ten opsigte van meganiese doeltreffendheid in die toets verskil. Die

Bantoe gebruik by n gegewe werksvlak minder O₂ as die Blanke (178:148).

Die gegewens wat deur Van der Merwe verstrekk is, is op n baie klein groepie van die twee rasse uitgevoer, naamlik op 12 Bantoe mynwerkers en 35 Blankes. Dit verteenwoordig slegs n geringe persentasie van die bevolkings en die verskillende beroepe en derhalwe kan die uitspraak van Van der Merwe nie as finaal aanvaar word nie.

Die onderstaande gegewens is die Suid-Afrikaanse Atletiekrekords vir Blankes en Bantoes tot Desember 1964. Dit is geen aanduiding van die Blanke of Bantoes se gemiddelde prestasies nie, maar is slegs die beste prestasies van individue binne die bepaalde ras (137).

<u>Nommer</u>	<u>Blankes</u>	<u>Bantoes</u>
100 tree	9.5 sek.	9.7 sek.
220 tree	21.2 sek.	21.9 sek.
440 tree	46.5 sek.	49.2 sek.
880 tree	1 : 50.3 sek.	1 : 52.9 sek.
1 myl	4 : 13.5 sek.	4 : 15.9 sek.
3 myl	13 : 54.8 sek.	14 : 22.6 sek.
6 myl	29 : 45.0 sek.	30 : 8.0 sek.
120 tree hekkies	14.1 sek.	15.4 sek.
220 tree hekkies	23.3 sek.	24.7 sek.
hoogspring	6' 7 ⁷ / ₈ "	6' 3 ³ / ₄ "
driesprong	50' 2"	45' 3 ³ / ₄ "
verspring	25' 3 ¹ / ₄ "	22' 10 ¹ / ₂ "
spiesgooi	234' 6"	192' 3 ¹ / ₂ "
skyfwerp	191' 3 ¹ / ₂ "	127' 1 ¹ / ₂ "
gewigstoot	60' 3 ³ / ₄ "	42' 2 ⁷ / ₈ "
Marathon	2 uur 27.57	2 uur 37.27
440 tree hekkies	51.8 sek.	Nie beskikbaar nie

Voordat die resultate van hierdie vergelyking bespreek word, moet skrywer daarop wys dat die sportfasiliteite vir die Bantoes, veral by die myne, in elke opsig met dié van die Blankes vergelyk kan word. Hulle ontvang gespesialiseerde afrigting en voldoende oefen- en kompetisiegeleenthede. Die Bantoes word uit 'n groter bevolkingsgroep as die Blankes gekies, sodat dit eintlik verwag behoort te word dat hulle in sekere nommers beter as die Blankes behoort te presteer. In verhouding tot die bevolkingstotaal behoort hulle minstens drie keer soveel atlete van internasionale en nasionale gehalte as die Blankes op te lewer.

Die bestaande gegewens geld slegs vir 1962 vir albei die rasse, uitgesonderd die verspringnommer. In hierdie besondere item is die hoogste prestasie in 1952 deur 'n Bantoe behaal. Dit is sedertdien nog nie verbeter nie. Soos uit die gegewens blyk, oortref die beste Blanke sportmanne die beste Bantoes in al die nommers.

Wat die hardlooptnommers betref, lyk die verskil oor die afstande tot die een myl, op die oog af nie so groot nie. Elke kenner van atletiek sal egter beseft dat dit moeilik is om byvoorbeeld die tyd oor die 100 tree met .1 sekonde te verbeter, indien hierdie afstand reeds onder die 10 sekondes afgelê word. Dieselfde geld vir die 220, 440 en in 'n sekere mate vir die 880 tree en een myl. In die afstande langer as een myl tot en met die Marathon is daar 'n redelike groot verskil tussen Blankes en Bantoes ten gunste van die eersgenoemde. Ook in die hekkiesnommers is die verskil redelik groot.

Die grootste verskil tussen Blankes en Bantoes in die atletieknommers word in die spring- en werpnommers aangetref. Vergelyk die beste vertonings in die driesprong, hoogsprong, gewigstoot en skyfwerp.

Dit is opvallend dat die Blankes soveel beter as die Bantoes presteer in die nommers wat krag en behendigheid vereis.

Soos uit die bespreking van Hoofstuk III, punt B, geblyk het, behoort die Bantoe die Blanke in hierdie nommers te klop, aangesien hy n voordeel ten opsigte van liggaamsbou en liggaamskrag bo die Blanke het. Die Blanke is ietwat langer maar tog ligter as die Bantoe, terwyl die laasgenoemde weer langer arms en bene het. Die gegewens in die voorgaande tabel van atletiekprestasies en die afleidings in Hoofstuk III, punt B, kom dus nie ooreen nie. Daar kan verskillende redes hiervoor aangevoer word. Een van die waarskynlikste oorsake is dat die nie-Blanke nog nie oor dieselfde vaardigheid as die Blankes in die nommers beskik nie. Verder geniet hulle ook nie dieselfde afrigtingsmetodes nie, hoewel daar tans redelik baie aandag aan hierdie aspek geskenk word. Dit mag ook wees dat die spierkwaliteit van die twee rasse verskil of dat die Bantoes nie oor dieselfde koördinasievermoë as die Blankes beskik nie. Die voorgestelde ondersoek van die skrywer sal moontlik lig op hierdie saak kan werp, hoewel n omvattende ondersoek vir die oplossing van die probleem nodig sal wees. Die voorgestelde ondersoek beoog nie om op inherente raaseverskille in te gaan nie, maar slegs om die liggaamlike prestasievermoë van elke ras, soos dit op die oomblik is, te toets.

Die weg wat in die ondersoek gevolg is, kom vervolgens aan die beurt.